# Veediefstal is 'n spesialismisdaad

Veediefstal bly 'n kopseer in die veebedryf en hou toenemend 'n bedreiging vir boere se veiligheid in, aangesien veediewe en sindikate in die algemeen gewapen is.

**'N VEEDIEFSTALSAAK** is van die moeilikste sake om te ondersoek omdat dit in die buitelug plaasvind en deurslaggewende leidrade weens verskeie faktore, soos reën en versteuring van die misdaadtoneel, vernietig kan word.

Só sê Louis Wessels, voorsitter van die nasionale veediefstalvoorkomingsforum. Dit is dus baie belangrik dat die sigbare polisiëringsbeampte en die veediefstalspeurder die misdaadtoneel vinnig bereik.

Verder is die tekort aan kapasiteit binne die polisie en veral die beskikbaarheid van voertuie vir die veediefstaleenhede 'n groot probleem. Die ondersoekbeamptes is – met enkele uitsonderings na – baie goed opgelei, maar ongelukkig is daar 'n enorme tekort aan personeel. Veediefstal is 'n spesialismisdaad en vereis spesialisondersoekbeamptes.

Veediefstalsake word voortdurend uit die hof gegooi weens verskeie redes en veediewe wat wel skuldig bevind word, word nie swaar genoeg gevonnis nie.

Verder word veediefstalsake dikwels deur onkundige staatsaanklaers behartig.

Justice College van die nasionale vervolgingsgesag het gelukkig begin om spesifieke opleidingskursusse van stapel te stuur om staatsaanklaers te bemagtig om doeltreffend in veediefstalsake aan te kla.

## Besef die erns

Veediefstal gaan meestal met wreedheid en dieremishandeling gepaard. Dit is dus uiters belangrik dat veeboere ook sake van dieremishandeling in hul verklarings aandui, aangesien die Nasionale Dierebeskermingsvereniging dan betrek word, wat swaarder strawwe teweeg kan bring.

Hoewel diere soms vir die pot geslag word, is veediefstal in Suid-Afrika in werklikheid 'n sindikaatmisdaad en dit behoort só deur die polisie gekategoriseer te word. Veediefstal word as 'n winsgewende misdaad gesien. Diere word meestal in landelike omgewings gesteel en na stedelike gebiede en veral metropolitaanse gebiede vervoer, waar hulle op veilings aangebied word.

Volgens Wessels dra boere self tot die probleem by, aangesien die persentasie diere wat nie gebrandmerk of getatoeëer is nie, baie hoog is. Die merk van 'n dier verseker eienaarskap, wat noodsaaklik is om 'n veediefstalsaak doeltreffend op te los en 'n vonnis te verkry.

Die Wet op die Identifikasie van Diere (Wet 6 van 2002) maak dit verpligtend dat elke dier gebrandmerk of getatoeëer moet word. Alle vee-eienaars moet by die registrateur van diere-identifikasie aansoek doen om 'n geregistreerde brand- of tatoeëermerk.

Tesame met die merk van diere is die artikel 6- en artikel 8-dokumentasie wat lewende hawe moet vergesel wanneer hulle op 'n nasionale pad vervoer word, uiters belangrik.

Soos reeds genoem, is dit uiters moeilik om veediefstalsake op te los indien vee nie met die eienaar verbind kan word nie.

Wessels sê afgesien van die ekonomiese verlies verbonde aan veediefstal, hou die vervoer van diere 'n groot risiko in vir die dieregesondheidstatus van die nasionale kudde, aangesien lewende hawe gesteel kan word in 'n beheerde- of aanmeldbaresiektegebied en vervoer kan word na 'n "skoon" gebied.

Volgens Wessels het die nasionale veediefstalvoorkomingsforum, wat namens die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) help om veediefstal te voorkom, op sy mees onlangse vergadering weer sy strategiese plan afgestof. Daar is op die volgende vier voorrangsake besluit:

- Optredes sal van stapel gestuur word om die merk van diere binne elke provinsie tot 80% te verhoog.
- 'n Model van geïntegreerde provinsiale vergaderings wat op veediefstalvoorkoming gemik is, sal ontwikkel word. Die prioriteit sal wees om inligting en intelligensie uit te ruil, verhoudings met veral die polisie te bou en om te werk om spesifiek geïndentifiseerde resultate oor alle strukture heen binne die provinsies te behaal.
- 'n Gestruktureerde nasionale plan van aksie waarby alle belanghebbendes betrokke is, sal opgestel word om probleme te identifiseer, dit volgens prioriteite in te deel en daaroor te kommunikeer sodat boere, staatsaanklaers, lewendehawe-afslaers en lede van die polisie ingelig is oor die kernprosedures wat verbonde is aan doeltreffende veediefstalvoorkoming en -bestuur.
- 'n Hernude poging sal aangewend word om die houding van vee-eienaars te verander sodat hulle meer betrokke sal raak by landelike veiligheidstrukture ter ondersteuning van die werksaamhede van alle belanghebbendes binne die forum.

Die verhouding wat op nasionale en provinsiale vlak met veediefstalkoördineerders bestaan, moet uitgebou en versterk word. Samewerking is uiters belangrik, aangesien dit tot wedersydse sukses lei om veediefstalsake op te los.

'n Oplossing vir die veediefstalprobleme in Suid-Afrika kan slegs bereik word as almal saamwerk. **LBW**

NAVRAE: Louis Wessels, **082 410 9256**.

**HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.**
DIÉ BERIG IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. **012 349 1102** |
E-POS: **rpo@lantic.net** | WEB: **www.rpo.co.za**